RSG en Lefra Produksies bied aan

# 5 tot 10 April 2020
# Kaapstad - Namibië

RSG 100-104 fm
DIS DIE EEN

Lefra KOMMUNIKASIE EN BEMARKING

# OPPiWATER
## KUNSTEFEES

## Sewende Oppiwater Kunstefees

MSC CRUISES

# Program 2020

BESPREEK BY MSC 086 999 0505 / 087 630 0333
KAARTJIEBESPREKINGS BY COMPUTICKET 0861 915 8000
LEFRA PRODUKSIES: (011) 815 3000 | oppiwater@rsg.co.za
www.oppiwater.co.za




# RSG OMROEPERS

## RSG Regstreekse Uitsendings van die Dek

RSG saai daagliks vanaf Sondag, 5 April tot Donderdag, 9 April vanaf **Dek 13 uit.**

Die regstreekse uitsendingsprogram is as volg:

Sondag, 5 April 2019 15:30-16:00
Maandag, 6 April 2019 10:30-11:00
Dinsdag, 7 April 2019 10:30-11:00
Woensdag, 8 April 2019 10:30-11:00
Donderdag, 9 April 2019 10:30-11:00

Ons skop elke oggend om 10:00 af met heerlike musiek deur Alwyn Oberholster, daarna u deel kan wees van die regstreekse uitsending vanaf 10:30. Ons luister ook na die jongste nuus om 11:00, waarna Alwyn ons weer gaan Vermaak. Maak 'n draai elke oggend op Dek 13 en ontmoet jou gunsteling omroeper! Net op die mense by die huis so bietjie jaloers te maak.

# STUTTAFORD VAN LINES

# Lefra 10%-afslag!




## Kry 10%-afslag op jou volgende trek/ verhuising, stoorspasie, kunsverpakking en -vervoer. Korporatiewe kliënte welkom!

**Terme en voorwaardes geld**

**Skakel 0861 STUTTAFORD (788 882)**
**vra vir die LEFRA-AFSLAG wanneer u skakel**

e-pos: lefra@stuttafordvanlines.com

**www.stuttafordvanlines.com**

# IN DIE SPORE VAN *Jesus*

***Die Broers (Christo Snyman, Cobus Snyman, Nic Stevens)***

**Die Broers, Christo, Cobus en Nic is alombekend vir hul harmonieuse sang en polsende liedjies. Hulle maak al van jongs af saam musiek en het reeds op laerskool in kore gesing en formele opleiding in onder andere klavier, trompet, kitaar en kontrabas ontvang. Die Broers het musiek as voltydse beroep gekies en toer vandag die land vol met konserte en optredes. Dit was onvermydelik dat Die Broers 'n Gospel-album sou opneem en het die eerste “Voetspore”-album in 2011 verskyn.**

**“In die Spore Van Jesus” is Die Broers se konsertweergawe van hulle gospeltreffers en het die vertonings 'n baie akoestiese gevoel, met slegs kitaar, baskitaar en klavier wat gebruik word. Dit verseker dat die intensiteit van die lirieke nie net gehoor word nie, maar ook met diep emosie gevoel word.**



**Sondag 5 April | 19:30 | Covent Garden Teater**


**R75 | 75min | Musiek/Gospel | Almal**

# die Klaagliedere VAN DS. TIENIE BENADE

## met FRANK OPPERMAN

Dominees Tienie staar so strak soos die graf na die muur voor hom, sy blou-oog en die pleister op sy voorkop duidelik sigbaar. “Dit was Tannie Bets van Wyk wat my so geslaan het….” Die gewilde akteur Frank Opperman (aan baie bekend as “Orkney Snork Nie” se “Ouboet”), is terug op die verhoog met ‘n skreeusnaakse produksie – Die Klaagliedere van Ds. Tienie Benade. Ds. Tienie Benade is ‘n middeljarige predikant van die Moedergemeente, aan die onderkant van Voortrekkerstraat, en hy bevind hom permanent in ‘n penarie. Sy gemeente se lot is dieselfde as baie ander gemeentes: getalle is drasties aan’t daal, die skuldlas groei en sy senior kerkraadslede is knorrig en te oud om van hulp te wees.





Maandag 6 April | 08:30 | Covent Garden Teater

R75 | 60 min | Komedie | Almal

# liewe Hemel
# LIEWE AARDE

## met Rocco de Villiers (Klavier) en Lizelle le Roux (Viool)

Gewilde pianis Rocco de Villiers bring nie net 'n versameling van die mooiste musiek ter wêreld nie, maar ook 'n nuwe "best of" vrystelling van die mees gewilde, geluisterde snitte van sy vorige 6 albums "Beautiful Beautiful Piano", "More Beautiful Piano", "Stunning", "Country Keys" en "Beautiful Beautiful Hymns 1 & 2". Elke snit deur die gehoor gekies. "Liewe Hemel Liewe Aarde", "Musiek Box Dancer", "You Raise Me Up", "How Great Thou Art", "Edelweiss", "Kla 1 Kla 2 Kla 3 Kla 4", "Anna Aeroplane", "Chariots of fire", "Jim Muller Keurspel", "Amazing Grace" is net 'n paar van die stukke waarna die gehoor kan uitsien. Op sy eie unieke manier – EEN ROCCO, EEN KLAVIER, EEN PAK KLERE – maar soveel meer!





**Maandag 6 April** **11:30** **Covent Garden Teater**

**R90** **80 min** **Musiek** **Almal**

ANELE SITULWENI | DAVID KONRAD | DIRK JOUBERT | GREGG PETTIGREW | MAURITZ BADENHORST | NATHAN HAMMOND | ZACK MTOMBENI



Lefra en die Mark Teater bied aan

# DIE RYPMAAKKAMER

## deur DAVID IAN LEE

### Teks & Regie: FRANS SWART

Dis die lente van 1944 in die suide van Pole. Sewe Russiese soldate word deur die Nazi's in hegtenis geneem en word nakend in die rypmaakkamer van 'n klooster gegooi. Die voertuie van die Nazi's vertrek en die sewe soldate word wreed daar gelaat om 'n baie stadige dood te sterf. Die verhaal gaan oor die mens se oorlewingstryd wat lei tot moord, sielkundige aftakeling en kannabalisme. Interpersoonlike verhoudings word tot breekpunt beproef. DIE RYPMAAKKAMER is Frans Swart se vertaling in Afrikaans van David Ian Lee se The Curing Room en is 'n grootse en uitdagende riller wat op ware gebeure gebasseer is.

www.rypmaakkamer.co.za

**Maandag 6 April | 15:30 | Covent Garden Teater**

**R90 | 135 min | Drama | 18 NGT**

GEEN SELFONE; GEEN FOTO'S EN GEEN ONDER 18'S (NAAKTHEID, GEWELD EN TAAL)

LET WEL: Selfone word ingeneem




30 RUSTENBURG ROAD, KRUGERSDORP WEST 011 660 8605 / 4250 / 084 770 4697
info@hollywoodsa.co.za / admin@stoompomp.com
www.hollywoodsa.co.za / www.stoompomp.com
CAPE TOWN BRANCH / 076 119 4202

Hollywood Costumes



"Ek begin elke dag met 'n uurlange joga-sessie"
- Boer
RSG. Jy sal jou ore nie glo nie.
@ZARSG
www.rsg.co.za
RSG
DIS DIE EEN

# My Suikerste BOSSIE

## met Jak de Priester

Jak, wat in Parys in die Vrystaat grootgeword het, is al van kleins af doenig met musiek, die verhoog en liedjiesskryf. Sy loopbaan het in 2003 afgeskop, nadat hy die ATKV-Crescendo-kompetisie gewen het. Dit het hom die geleentheid gegee om sy eerste album, getiteld Sally Williams Nougat, op te neem wat 'n groot treffer met dieselfde naam opgelewer het. Jak het in 2017 sy vyftende jaar in die musiekbedryf gevier met 'n CD wat heel gepas 15 jaar heet. Sy volgende album verskyn in Februarie volgende jaar en gaan Oppiwater-feesgangers die geleentheid kry om saam met Jak die nuwe vrystelling te geniet in die vertoning My Suikerste Bossie





**Maandag 6 April** | **20:00** | **Covent Garden Teater**

**R90** | **75 min** | **Musiek** | **Almal**

# Goue Oues 3

## met Alwyn Oberholster



Alwyn Oberholster is ‘n gunsteling in die Afrikaanse musiekbedryf. Alwyn se passie vir musiek kom al van jonk af en het in ‘n huis vol musikante groot geword. Alwyn is al veertien jaar lank in die bedryf en is gewild onder sy aanhangers. Sy Afrikaanse album “Maak of Breek” doen tans baie goed, maar Alwyn is ook gewild en bekend onder gehore vir sy briljante vertolking van die ouer treffers deur name soos Billy Joel, Neil Diamond, Allen Jackson, die Staccatos, die Bee Gees en vele meer.

Alwyn het in 2015 die voorprogram gedoen met die Vengaboys se toer deur Suid-Afrika. Alwyn het ook tydens vorige Oppiwater Kunstefeeste opgetree met ‘n Beautiful Noise – A Tribute To Neil Diamond en Soen My, Druk My. Na sy suksesvolle Goue Oues in 2017 en Goue Oues 2 tydens verlede jaar se Oppiwater, is Alwyn vanjaar terug met nuwe “goue oues” in Goue Oues 3.

**Dinsdag 7 April | 22:30 | Covent Garden Teater**

**R50 | 75 min | Musiek | Almal**


Donkie
Teks: Dana Snyman
Regie: Gerrit Schoonhoven
met Frank Opperman
In Donkie ontmoet ons mnr. Barry Swart, 58-jarige hoof van die Hoërskool Hans Oosthuizen, 'n voormalige model C-skool. Mnr. Swart is 'n man onder druk: Die leerlinge se akademiese prestasie is nie na wense nie en die eerste rugbyspan het vyf wedstryde agtereenvolgens verloor. Daar is ook ernstige probleme met dissipline, 'n rassistiese voorval en vrae of Afrikaans nog 'n onderrigtaal taal gaan wees. Uit talle oorde word mnr. Swart se kop geëis. Só besluit hy een Maandagoggend tydens saalopening om sy kant van die saak te stel …
Woensdag 8 April
08:30
Covent Garden Teater
R90
60 min
Komedie
Almal

# GROET DIE GROTMAN 2



**Teks & Regie: Frans Swart**



## met Wynand van Vollenstee

Dit is twintig jaar later. Grotman en Elize is steeds gelukkig getroud ... of is hulle? Die kinders is tieners met hul eiesoortige uitdagings. Grotman het sy rookseine verruil vir WhatsApp-boodskappe, eposse, iPhones, Facebook en Twitter. Die verskille tussen mans en vrouens is steeds daar, want mans is steeds van Mars en vrouens van Venus. Vrouens is steeds die gaarders (veral van nuttelose inligting!) en mans steeds die jagters (van 'n bok tot 'n televisieprogram). "Mans en vrouens lag vir mekaar in Groet die Grotman 2 en dis juis wat hierdie produksie so gewild en sterk maak" sê skrywer en regisseur Frans Swart. "Mens kan amper sê ons doen huweliksberading op 'n komiese wyse. Die feit dat Grotman sy wêreldjie moet groter maak om by Elize se wêreld aan te pas en die feit dat Elize haar oop wêreld so bietjie nouer moet maak om by Grotman se wêreld uit te kom, sorg vir baie komiese situasies.

**Woensdag 8 April | 15:30 | Covent Garden Teater**

**R90 | 120 min (5 min pouse) | Komedie | 13 TS**


# Cohen en Koos

## *met Mathys Roets*

**Mathys trakteer sy gehoor met vertolkings van Leonard Cohen en Koos du Plessis se werk. Cohen en Du Plessis se musiek is sonder pretensies en met dié twee groot musikale geeste as inspirasie, bepeins Mathys die hedendaagse man se posisie in die wêreld.**

**“I don’t even think of myself as a writer, singer or whatever. The occupation of being a man is so much more.” Leonard Cohen.**

**Mathys is die meestervertolker van Koos du Plessis se wonderlike skat van onsterflike treffers.**



**Woensdag 8 April | 19:30 | Covent Garden Teater**

**R90 | 75 min | Musiek | Almal**

Lefia KOMMUNIKASIE EN BEMARKING bied aan:

WEST END TREFFER VAN LONDEN!



# MY OOM SE VROU SE PLEKKIE

Met
Marissa Claasen, Etienne Du Plessis, Botha Enslin, Johan Joubert, Elma Potgieter, Janè Swanepoel, Anmari Van Achterbergh, Jennifer Myburgh, Francois Van Rensburg

vertaal en verwerk deur:
Cobus Venter en Estelle Venter.
Regie: Frans Swart

My Oom se Vrou se Plekkie speel af in die baie elegante dakwoonstel in Melville van Phillip en Jeanette Martins. Die woonstel is pas opgeknap en het grootliks leeggestaan. Phillip is 'n baie eerbare kinderboekuitgewer, en deel 'n kantoor met sy venoot Henry Loots, op die grondvloer van dieselfde gebou. Phillip stem teen sy sin in dat Henry die woonstel een aand leen om sy nuutste vriendin te "vermaak". Terselfdetyd word Jeanette deur Linda, Henry se vrou, oortuig om dieselfde woonstel vir haar te leen sodat sy haar nuutste minnaar kan trakteer. Maar wat niemand weet nie, is dat die binnenshuiseversierder, wat die afgelope drie maande aan die wooonstel gewerk het, besluit het om vir die au pair, Sylvie, die nuwe, ronde bed te wys. En ja, dit alles gebeur op dieselfde aand!

**Donderdag 9 April** **08:30** **Covent Garden Teater**

**R90** **135 min (5min pouse)** **Komedie/Klug** **Almal**

RSG 100-104 fm

DIS DIE EEN



# RSG RADIO DRAMA

## *Met Johan Rademan*



“Skryf ’n goeie storie. Skryf goeie, geloofwaardige dialoog. Skep geloofwaardige karakters. Dis die essensie van ’n goeie radiodrama”, sê Johan Rademan, regisseur van vanjaar se RSG Radiodrama. Kom kyk en luister hoe word ’n radiodrama opgeneem. Passasiers wat die Oppiwater Kunstefees 2020 meemaak, sal die geleentheid hê om die opname by te woon en te sien presies hoe word ‘n radiodrama vir die radio opgeneem. Johan Rademan is ‘n bekroonde dramaregisseur met ‘n ongelooflike aanvoeling vir die radiodrama waar jy net stemme het om ‘n storie te vertel. Kom wees deel van die ateljee waar radiodrama opgeneem word.







**Donderdag 9 April** **17:00** **Covent Garden Teater**

**R35** **60 min** **Radio Drama** **Almal**

# Haal Asem

## met Ira Blankenberg

**Regie:**
**Marí Borstlap**



In Augustus 2013 gly en val die 14-jarige Kieran van ’n krans in Hermanus. ’n Oomblik waarin alles verander. Haal asem is ’n eenvroutoneelstuk waarin Kieran se ma, Ira Blankenberg, poog om sin te maak van haar onbegryplike verlies. Van die eerste oomblik ná Kieran se dood begin Ira op stukkies papier krabbel en vul daarna dagboek op dagboek, alles in ’n poging om te besin … en ook om aan Kieran se laaste woorde aan haar gestand te doen: “Haal asem.” ’n Dapper ware verhaal oor verlies, rou en die siel se onvermydelike reis.

**Donderdag 9 April** **19:30** **Covent Garden Teater**

**R75** **55 min** **Drama** **Almal**

# lag van die huil
## met Mathys Roets en Dana Snyman





Mathys en Dana neem jou saam op ‘n bittersoet storiereis wat jou soms sal laat lag en soms verdrietig sal maak. Nes die lewe maar is. ‘n Splinternuwe produksie met musiek en woord saamgesnoer. “Dit is wonderlik hoe sekere musiek en bepaalde stories mekaar aantrek,” sê Mathys. “Ek sing byvoorbeeld Gert Vlok Nel se Hillside Lullaby. Dit het Dana dadelik herinner aan ‘n storie oor ‘n swanger kroegmeisie wat hy geskryf het. Op ‘n manier praat die liedjie en die storie met mekaar.”

“Omtrent elke liedjie wat ek sing, vertel ‘n storie,” se Mathys. “Dit is asof ek en Dana die hele tyd in gesprek is met mekaar.”

Mathys vertel ook van sy vriendskap met Lucas Maree en dit het weer vir Dana herinner aan ‘n storie wat Lucas vertel het van hoe sy ouma op ‘n Sondagmiddag wou wegloop van Prieska af. “My ma wou ook soms wegloop van die platteland af,” se Dana. “Ek het ‘n storie oor sulke vrouens om te vertel.” Beide van hulle is storievertellers van formaat.



### *Stories & Musiek Saamgesnoer*

**Sondag 5 April** | **20:00** | **The Shaker Lounge**

**R75** | **75 min** | **Musiek/Stories** | **Almal**

# *Pieter vs Pieter*

# SPORT vs MUSIEK

***met Pieter Smith en Pieter van den Berg***



Pieter van den Berg is ‘n bekende sportkommentator op RSG. Pieter Smith is ‘n bekende sanger en liedjiemaker. In Pieter vs Pieter gaan Pieter van den Berg ‘n heerlike sportvasvrae aanbied en Pieter Smith gaan ‘n klomp sportliedjies sing. So amper ‘n soort van ‘n Sport Noot vir Noot! Kom kry jouself in een van die Pieters se spanne en kom ons sien wie is ons Oppiwater se PIETER vs PIETER-kampioene.

**Maandag 6 April** **09:00** **The Shaker Lounge**

**R35** **75 min** **Musiek/Stories** **Almal**

Lizelle le Roux het in 2019 die Ghoema-toekenning vir beste instrumentele album ontvang vir haar nuutste CD, Joy.  In hierdie produksie, Joy, verkwik en verfris sy die siel met die mooiste vioolmusiek soos net sy kan! Bekende vioolmusiek soos "Riverdance", "Ode to Joy", "Carmen" en die "Hungarian Dance" kan gehoor word.




Maandag 6 April   16:30   The Shaker Lounge

R50   75 min   Musiek   Almal

*Nic Stevens*

# SING BRYAN ADAMS

## *met Nic Stevens*



Nicolaas Stephanus Snyman is op 28 Julie 1975 te Kaapstad gebore.  Sy verhoognaam Nic Stevens is te danke aan die feit dat sy eerste CD in Engels was en in opdrag van sy platemaatskappy moes hy ‘n Engelse naam hê.  Hy het egter oorgeskakel na Afrikaanse musiek en sukses behaal met treffers soos “Jonkbly”, “Dis altyd lente” en “Toeter Skoeter”. Hy het ook ‘n briljante huldeblykalbum vrygestel onder die titel “Nic Stevens sing die musiek van Bryan Adams”, en kan Oppiwater-feesgangers die lekker vertoning vanjaar geniet. Met sy lewenslustige optredes is hy immergewild onder jonk en oud.  Deur die jare is hy genomineer vir verskeie toekennings en sy CD’s is gereeld onder die top verkopers.



**Maandag 6 April  19:30  The Shaker Lounge**

**R75  75 min  Musiek/Stories  Almal**

# Falicity Spitfire se GROOT TREK

## met Gregg Pettigrew





Falicity Spifire is Gregg Pettigrew se parmantige alter ego.  Falicity het nog altyd gesê dat haar lewensreis soos ‘n Groot Trek gevoel het en verduidelik dat sy weet hoe daardie groot trekvaders moes gevoel het toe hulle hul waens gepak het, die osse ingespan het en begin het op ‘n reis na die noorde wat swaarkry, lag, gevegte en uiteindelik vryheid tot gevolg gehad het.  Met dit in gedagte, het sy besluit om die roete van die groot trekkers na te volg en op reis te gaan, sonder die osse natuurlik, en haar nog nie heeltemal-voltooide lewensreis met ons te deel nie.  Falicity se inspirasie vir hierdie vertoning kom na ‘n kort besoek aan Wallis om haar vervreemde eerste man te besoek.  Die vertoning vertel die lewensverhaal van Me. Spitfire wat die gehoor terugneem na die plek waar dit alles begin het.  Sy vertel haar lewensverhaal op ‘n eerlike, reguit-in-die-gesig-manier, met elke liedjie in die vertoning met ‘n storie daaragter.

Die skreeusnaakse vertoning is slegs vir volwassenes!

**Maandag 6 April** · **23:00** · **The Shaker Lounge**

**R50** · **60 min** · **Komedie/Musiek/Drama** · **18 T**

# HELENE BESTER SING
# Nana MOUSKOURI

**Teks & Regie: Frans Swart**
**met Heinrich Pelser op Kitaar**



Helenè Bester bring in haar produksie – Helenè Bester sing Nana Mouskouri – hulde aan hierdie ikoniese Griekse sangeres. Bester se produksie is hierdie jaar onder groot toejuiging by die OPPIWATERKUNSTEFEES bekendgestel. Die teks en regie word hanteer deur Frans Swart van Lefra Produksies en musiekregie is te danke aan Heinrich Pelser – ook Helenè se begeleier, tydens die Mouskouri-vertonings. "Ek het nog altyd daarop gehoop om 'n Nana-vertoning te doen. Ek is so mal oor haar stem en ek en my sussie het met haar musiek groot geword" vertel Helenè. "Ons het rerig gedink dat sy 'n vriendin is van my ma. My ma en sy lyk so eenders. Tog dink ek dat die tyd nou eers ryp is vir my, om die vertoning te doen. Ek glo nie dat ek hierdie musiek so goed sou kon interpreteer 10 jaar terug nie. My stem is ook ouer en klink dalk meer volwasse, wat ek glo meer by haar teikengehoor aanklank vind." Ek't haar musiekvideo's "opgeswot" om te kyk hoe sy beweeg op die verhoog, wat sy met haar hande doen en hoe sy 'n gehoor aanspreek. Mens wil dit tog so geloofwaardig moontlik maak. Regisseur Frans Swart stem saam: "Toe Helenè my oor hierdie projek nader,was ek dadelik opgewonde. Wie dan nou beter as die talentvolle Helenè om hulde te bring aan die tydlose en elegante Nana Mouskouri?"

**Dinsdag 7 April | 08:30 | Covent Garden Theatre**

**R75 | 75 min | Musiek | Almal**

# Huldeblyk aan GROEP TWEE

## met Pieter Smith en Christo Snyman

Groep 2 met Gert van Tonder en Sias Reinecke was legendaries in Suid-Afrika.  Met hulle groot treffers soos “Die Oukralliedjie”, “Die Padda Wou Gaan Opsit” en “Daar Is Niks Soos Ware Liefde Nie”, het Groep 2 alle rekords in die musiekbedryf laat spat.  Met hulle gewildheid in Suid-Afrika het hulle ook in 1968 liedjies by die EMI Ateljee in Londen opgeneem (waar die Beatles al hulle treffers opgeneem het) – “Mangwane Mpulele” en “Little Go Go Girl”.  Gert het veral ook bekendheid verwerf as aanbieder van “Wielie Walie”.  In hierdie produksie bring Christo Snyman en Pieter Smith hulde aan Groep 2




**Dinsdag 7 April** **09:00** **The Shaker Lounge**

**R75** **90 min** **Musiek** **Almal**



# Shades of BROADWAY

## Kom ervaar die musiekblyspele van Broadway met Gregg Pettigrew



Shades of Broadway is 'n dramatiese huldeblyk aan die Broadway-grotes en bied aan die gehoor 'n insiggewende blik van die lewe op die musikale teater-verhoog vanuit die kunstenaar se perspektief. Van die treffers sluit in slegs enkeles van die grootste Broadway-musiekblyspele ter wêreld, wat wissel van Cabaret tot Jesus Christ Superstar, Joseph, Evita en vele meer. Dit word gekoppel aan persoonlike verhale en staaltjies uit die ervarings van die kunstenaars op die verhoog en die emosies wat hulle ervaar tydens so 'n produksie. Shades of Broadway is geskik vir gehore van alle ouderdomme en sal beide diegene wat goed vertroud is met musiekblyspele, sowel as die beginners vir die genre, behaag. Dit is 'n vertoning wat u nie moet misloop vir diegene wat van die teater hou nie en altyd gewonder het waaroor die lewe op die verhoog gaan.

**Dinsdag 7 April** | **22:00** | **The Shaker Lounge**

**R50** | **75 min** | **Musiek/Teater** | **Almal**

# DIE STORIE VAN AFRIKAANSE MUSIEK

## Deel 2

## met Pieter Smith



Pieter Smith is 'n ou bekende op die Afrikaanse musiekgebied. Hy het kitaar begin speel toe hy 4 jaar oud was en vanaf sewejarige ouderdom professionele afrigting ontvang. In 1993 het Pieter sy skoolloopbaan voltooi aan die Hoërskool Gimnasium, waar hy deel gevorm het van verskeie Rock Bands. Vandat hy agtien jaar oud is, tree hy professioneel op. Na skool het hy sy tersiêre opleiding in Musiek- en Musiekonderwys voltooi waarna hy as gekwalifiseerde musiekonderwyser by die Laerskool Queenswood afrigting gegee het in kitaar, koor en revue. Pieter is een van 'n handjievol kunstenaars wat self sy lirieke skryf en toonset. Boonop is hy die vervaardiger van al sy CD's – wat iets verklap oor sy musikale talent asook sy verbasend wye musiekkennis. Kom kyk sodat hy jou kan vertel van die pioniers wat die grondslag gelê het van die Afrikaanse musiek waarmee ons, ons ouers, grootouers en self oupa en ouma grootjie grootgeword het. 'n Musikale reis met n humoristiese aanslag wat geskik is vir oud...en jonk! Kom sing en lag saam, pik dalk 'n traan, en kom bring saam met Pieter hulde aan die stigters van ligte Afrikaanse musiek". Verlede jaar was Deel 1 op die planke, en vanjaar is dit deel 2 in 'n splinternuwe produksie!



**Woensdag 8 April | 17:00 | The Shaker Lounge**

**R75 | 75 min | Musiek | Almal**

# Die Trein na Margate en Ander Treffers

## met Christo en Cobus Snyman

Christo & Cobus is reeds 24 jaar saam op die verhoog as 'n duo, en word beskou as een van die mees veelsydige kunstenaars in die land. Benewens hul eie treffers soos "Trein na Margate" en "7x70" is hulle ewe gemaklik met van die gewilde nommers van ons tyd en kruis maklik oor na verskeie genres. Christo het 'n solo-album "Three Chord Lovesongs" die lig laat sien en Cobus twee country albums "Live Laugh Love Country" en "Cowboys & Crooks". Christo & Cobus is gereeld te sien by danse, konserte, troues, korporatiewe- en privaatfunksies en oral waar musiek 'n lekker aand moet verseker. Kom geniet Christo en Cobus se treffers!



Donderdag 9 April 10:00 The Shaker Lounge

R75 75 min Musiek Almal

# Kortbroek Langkouse

## *met Rocco de Villiers*

**In sy unieke styl wys Rocco de Villiers hoeveel pret jy kan hê met klaviermusiek en grappies tussendeur. Vermaak vir almal want Rocco speel almal – "Music Box Dancer", "Chariots of Fire", "Ballade for Adeline" en "Amazing Grace" om maar net n paar te noem. Jou voete en hande sal jeuk. Moet dit nie misloop nie.**



**Donderdag 9 April | 16:30 | The Shaker Lounge**

**R75 | 75 min | Musiek | Almal**

# VAN STUKKIE TOT STAAL

## *met Pieter Smith*

Kom sluit jou Oppiwater Kunstefees af saam met Pieter Smith en sy nuwe vertoning, VAN STUKKIE TOT STAAL! Pieter het ‘n groot treffer gehad met STUKKIE VAN DER MERWE en het so pas ‘n nuwe liedjie geskryf, STAAL BURGER. Pieter verstaan die kuns om ‘n lekker partytjie aan die gang te kry. Kom geniet Pieter se vertoning met al sy groot treffers, ‘n paar saamsing Afrikaanse liedjies en sommer ook ‘n klomp partytjietreffers. Dis partytjietyd Oppiwater saam met Pieter Smith! Op die eerste een!!!



**Donderdag 9 April | 21:30 | The Shaker Lounge**

**R75 | 75 min | Musiek | Almal**

# MY STORIES

## *met Haidee Muller*

**Haidee gesels oor haar 16 jaar in die media – ons hoor van die man wat vrygelaat is uit die tronk en nie werk kan kry nie as gevolg van die ink (tatoeëermerke) op sy gesig. Hoe sy die doodgewone mense van die pragtige Indonesië geniet het. Sy vertel van die keer toe sy en 'n fotograaf weggekruip het om foto's van Prins Harry te neem (en ja, hulle het!) en die dag toe sy darem SELF met Brad Pitt in Frankryk kon praat. En dan is daar haar mikrofoon met die naam Mike…**





**Maandag 6 April 11:00 R32 Disco**

**R35 60 min Gesels Almal**

# Snaakse dinge op die sportveld en agter die mikrofoon

## met Jody Hendricks en Johan Rademan

Jody Hendricks en Johan Rademan is twee gesoute sport aanbieders en kommentators. Hulle gaan hul wedervaringe met julle deel oor snaakse dinge wat op die sportveld gebeur het, maar ook snaakse dinge wat agter die mikrofoon gebeur het. Feesgangers kan lekker sport kom gesels met Jody en Johan en ook die Springbokke se groot oorwinning saam met hulle kom vier.



**Maandag 6 April** **14:30** **R32 Disco**

**R35** **60 min** **Gesels** **Almal**

# Hoe word Monitor en Spektrum elke dag geskep?

## met Suzanne Paxton

**Het jy al ooit gewonder wat is nuus? Wie kies die nuus-stories van die dag? Hoe lank vat dit om een nuus –storie wat op Monitor en Spektrum uitgesaai word – saam te stel? Het jy al ooit gewonder hoe moeilik dit is om die president van die land in die hande te kry om 'n onderhoud te doen? Het jy gewonder hoe die omroepers al die verskillende name leer uitspreek? As jy so nuuskierig is en al die vrae vra – hoort jy dalk self in die nuuskantoor! Suzanne Paxton gee jou 'n blik op gebeure in die nuuskantoor, agter die skerms en hoe die nuusmasjien werk !**




Donderdag 9 April | 09:00 | R32 Disco

R35 | 60 min | Gesels | Almal

# Boekbekendstelling: "Na Verre Hawens"

## *met Hennie van Deventer*

**In "Na verre hawens" kyk Hennie van Deventer terug op die soet en die suur van 'n string seevaarte oor 50 jaar: van doerie tyd se posboot-dae tot die nuwe era van drywende spoghotelle waarop tienduisende mense elke dag die aardbol kruis en dwars bevaar. 'n Skat van eie seestories is deur hierdie kanniedood-koerantman opgeteken: van rampe en avonture tot romanse, penaries en pret, en gepubliseer in die Naldi-boek, "Na Verre Hawens". Die leser staan as 't ware saam op die dek. Van Deventer was redakteur van Volksblad en hoof van Naspers se koerante in hul gloriedae. Sy liefde vir koerante, humor, die bos, die see en sy vonkelende lewenslus kenmerk die stuk of 16 boeke uit sy pen.**






**Donderdag 9 April | 12:00 | R32 Disco**

**R35 | 60 min | Gesels | Almal**

OPPiWATER KUNSTEFEES

# ONTMOET DIE KUNSTENAARS



## *Gesprek gelei deur Frans Swart: met Christo Snyman, Cobus Snyman, Nic Stevens, Mathys Roets, Dana Snyman, Alwyn Oberholster, Pieter Smith, Pieter van den Berg*

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet. Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, `n fototjie te neem en lekker saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees. Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessanthede oor die kunstenaars. Daarna is dit net lekker kuier en foto`s neem saam met jou gunsteling akteur of sanger! Vandag se kunstenaars: Christo Snyman, Cobus Snyman, Nic Stevens, Mathys Roets, Dana Snyman, Alwyn Oberholster, Pieter Smith en Pieter van den Berg.

**Maandag 6 April 17:00 R32 Disco**

**R35 60 min Gesels Almal**

OPPiWATER KUNSTEFEES

# ONTMOET DIE KUNSTENAARS



## *Gesprek gelei deur Frans Swart: met Marissa Claasen, Etienne Du Plessis, Botha Enslin, Johan Joubert, Elma Potgieter, Janè Swanepoel, Anmari Van Achterbergh, Jennifer Myburgh, Francois Van Rensburg*

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet. Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, `n fototjie te neem en lekker saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees. Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessanthede oor die kunstenaars. Daarna is dit net lekker kuier en foto`s neem saam met jou gunsteling akteur of sanger! Vandag se kunstenaars: die geselskap van die trefferklug, My Oom se Vrou se Plekkie

**Dinsdag 7 April | 17:00 | R32 Disco**

**R35 | 60 min | Gesels | Almal**

# ONTMOET DIE KUNSTENAARS



***Gesprek gelei deur Frans Swart: met Frank Opperman, Helene Bester, Heinrich Pelser, Rocco de Villiers, Lizelle le Roux, Jak de Priester, Johan Rademan, Jody Hendricks***

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet. Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, `n fototjie te neem en lekker saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees. Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessanthede oor die kunstenaars. Daarna is dit net lekker kuier en foto`s neem saam met jou gunsteling akteur of sanger! Vandag se kunstenaars: Frank Opperman, Helene Bester, Heinrich Pelser, Rocco de Villiers, Lizelle le Roux, Jak de Priester, Johan Rademan en Jody Hendricks.

**Woensdag 8 April 17:00 R32 Disco**

**R35 60 min Gesels Almal**

OPPiWATER KUNSTEFEES

# ONTMOET DIE KUNSTENAARS



## *Gesprek gelei deur Frans Swart: met Anele Situlweni, David Konrad, Dirk Joubert, Gregg Pettigrew, Mauritz Badenhorst, Nathan Hammond, Zack Mtombeni*

Die lekkerte van die Oppiwater Kunstefees is dat ons gaste die geleentheid het om die kunstenaars, akteurs, sangers, omroepers en bekendes te ontmoet. Dit is darem te lekker om met hierdie bekendes skouer te skuur, te gesels, `n fototjie te neem en lekker saam te kuier. Hierdie gebeur NET by die Oppiwater Kunstefees. Ons het hierdie lekker forum geskep waar jy formeel die kunstenaars kan kom ontmoet. Elke middag 17:00 gaan jy die kunstenaars persoonlik kan kom ontmoet, en sal ingelei word deur Frans Swart met interessanthede oor die kunstenaars. Daarna is dit net lekker kuier en foto`s neem saam met jou gunsteling akteur of sanger! Vandag gesels Frans met die geselskap van die opspraakwekkende produksie, Die Rypmaakkamer

**Donderdag 9 April 17:00 R32 Disco**

**R35 60 min Gesels Almal**

# KOS EN WYN PASMAATS

*Met gratis wynproe deur Van Loveren Wyne*




## met Christo Snyman, Johan Rademan & Van Loveren wyne

Lekker kos en goeie wyn is beslis goeie pasmaats. Veral ook hier op die Oppiwater Kunstefees. Watter tipe kos proe net lekkerder met watter wyn. Watter wyn bring die smaak van die kos uit? Van Loveren wyn maak die lekkerste wyn in Suid-Afrika. Die top sjefs van die MSC Orchestra maak die lekkerste kos in die wêreld. Ons bring Van Loveren Wyne en MSC Orchestra se top disse bymekaar in KOS EN WYNMAATS (beter bekend in Engels as Food and Wine Pairing). KOS EN WYNMAATS word ingelei deur RSG se Johan Rademan met wonderlike sang deur Christo Snyman, Van Loveren Wyne en die Sjefs van die MSC Orchestra.

Hierdie vertoning sluit ‘n gratis wynproe van Van Loveren in en dien ook sommer as middagete vir die spesifieke dag. Die lokaal waarin KOS EN WYN PASMAATS aangebied sal word, sal later aangekondig word.

**Maandag 6 April · 12:00 · Venue sal bevestig word**

**Donderdag 9 April · 13:00 · Venue sal bevestig word**

**R75 · 120 min · Kos en Wyn · Almal**

# Oppiwater Ontploffing! Dekpartytjie



*Die MSC Vermaaklikheidspan, RSG-aanbieders, Pieter Smith, Die Broers, Alwyn Oberholster, Jak de Priester, Mathys Roets, Rocco de Villiers*

Die Oppiwater Kunstefees is seker die mees unieke kunstefees in die wêreld. Ons hou kunstefees dat dit bars, maar hou dan ook partytjie dat die biesies bewe. Met jou gashere Johan Rademan, Jody Hendricks (RSG), Frans Swart (Lefra) en gasvroue Haidee Muller (RSG) en Suzanne Paxton (RSG). Met kunstenaars Pieter Smith, Die Broers, Alwyn Oberholster, Jak de Priester, Mathys Roets, Rocco de Villiers. Ook met die vermaakspan van die MSC Musica

FEESGANGERS NEEM KENNIS: Alhoewel die Oppiwater Ontploffing Dekpartytjie 'n gratis produksie op die dek is, is dit belangrik dat u steeds bespreek by Computicket om te bepaal hoeveel mense ons op die dek kan toelaat. Bespreek dus vroegtydig!!! Kaartjies teen geen koste nie! Kom vroeg om 'n goeie plek te kry!

**Woensdag 8 April** **21:00** **Pool Deck**

**Gratis** **30 min** **Musiek** **Almal**

# Wegvaartpartytjie



Seker die lekkerste en opwindendste deel van enige bootvaart, is die Wegvaartpartytjie. Wat is dan lekkerder as die MSC Musica wat stadig die hawemure uitvaar en die groot blou oseaan lê oop voor jou? Dan besef jy, jy is nou Oppiwater en vir die volgende vyf dae gaan ons net pret, plesier en kuns beleef! Jy bestel jou gunsteling skemerkelkie en sorg vir jou plek op Dek 13 by die Cala Blanca swembad! Pret en plesier wag!

**Sondag 5 April** **18:00** **Pool Deck**

**Gratis** **60 min** **Musiek** **Almal**